DIE GESKIEDENIS VAN ADVENTISME KRITIES BEOORDEEL DEUR DIE LENS VAN PLURALITEIT

Ruan Horn[1]
Jacques Theron
Departement Praktiese Teologie, Universiteit van Suid-Afrika,
Pretoria, Suid-Afrika

Abstract

In this article the history of Adventism is viewed from the perspective of plurality. A discussion of the concepts "plurality" and "pluralism" indicate that, in this article, "plurality" refers to differences and group forming, while "pluralism" refers to an ideological view of plurality. Differences and disputes were very much part of the Millerites or Advent Movement out of which the Seventh-day Adventist Church developed. The concept "Adventism" includes the Advent Movement and Seventh-day Adventism. Plurality is definitely a characteristic of Adventism, and Adventists are consequently facing the challenge of dealing with differences and group forming in a constructive manner. The history of Adventism is divided into three sections: the Advent movement before 1844, developments after the "Great Disappointment of 1844", and the later fragmentation within Adventism. The article shows that Adventists will have to develop a greater awareness of plurality, that they will have to come to a better understanding of how the church traditionally dealt with plurality, and that they need to accept the challenge of developing a theory that will enable them to deal with plurality more effectively. The situation in South Africa requires special attention as far as this issue is concerned.

[1] This article is based on an MTh dissertation obtained under the supervision of Prof J P J Theron (Department of Practical Theology, University of South Africa, Pretoria).

1 INLEIDING

Oor die afgelope 150 jaar het Sewendedag-Adventisme nie net in getalle gegroei nie, maar ook in diversiteit (Newman 1994:5). Van Wyk (1995:6) sluit by Newman aan wanneer hy die volgende opmerking maak oor pluralistiese tendense in die Sewendedag-Adventistekerk: “Even though unity in diversity has been the historic hallmark of Adventism, this can no longer be taken for granted. We notice differences among ourselves in theological, missiological, organisational, and cultural arenas.” Konkrete voorbeelde van pluraliteit binne die Sewendedag-Adventistekerk kan verder gevind word in verskillende standpunte oor Skrifbeskouing, inspirasie, hermeneutiek, regverdigmaking deur die geloof, die aanvaarding van E G White as profeet, asook oor die toepassing van geloofsoortuigings (Knight 1999:151). Dit is teen hierdie agtergrond dat Provonsha (1993:7) en Nderitu (2000:1) beweer dat die identiteit van die Eerstewêreldkomponent van die Sewendedag-Adventistekerk in ’n krisis verkeer.

In hierdie artikel sal onder andere aangetoon word dat Adventisme vanuit die staanspoor met die uitdaging van pluraliteit gekonfronteer is. Een van die redes daarvoor is dat diegene wat betrokke was by die ontstaan van hierdie groepering binne die Christendom van die begin af dikwels uitsluitend teenoor mekaar gestaan het.

Die doel van hierdie artikel is om te toon dat die geskiedenis leer dat pluraliteit onlosmaaklik deel is van die identiteit van die Sewendedag-Adventistekerk. In die lig hiervan kan gesê word dat pluraliteit vandag beter verstaan en hanteer sal kan word indien lidmate, leraars en ander leiers van die Sewendedag-Adventistekerk besef hoe pluraliteit in die geskiedenis van Adventisme na vore gekom en ontwikkel het. Die artikel poog dus om 'n basis te lê vir 'n saak wat dringend aandag vra.

2 BEGRIPSVERKLARING: PLURALITEIT EN PLURALISME

Bogenoemde twee begrippe moet omskryf word, aangesien hulle nie aan mekaar gelykgestel kan word nie en dus ook nie as sinonieme gebruik kan word nie.

Volgens Conradie (1992:41) dui pluraliteit op 'n diversiteit wat konflikterende waarheidsaansprake maak:

> The existence of "plurality" (in theology) indicates more than a harmonious or complimenting diversity. Different theological traditions can relate to one another in either a complementing or a conflicting or a contradicting way. The concept "plurality", as it will be used in the present essay, indicates a diversity with conflicting truth claims.

Conradie (1992:46) onderskei baie duidelik tussen pluraliteit en pluralisme wanneer hy verder sê: "Pluralism indicates a specific philosophical approach which could be used to deal with the empirical reality of plurality." Monisme, eklektisisme, relativisme en agnostisisme is vir hom, soos pluralisme, ook moontlike benaderings tot pluraliteit (Conradie 1992:40-64).

Die konsep "pluraliteit" verwys na die "state of being plural", terwyl pluralisme verwys na "a system that recognises more than one ultimate principle" (*Concise Oxford dictionary* 1982:850). Lee (1988:58) is van mening dat pluraliteit die geloof van verskeie tradisies bevestig, maar nie aandag gee aan die verhouding, erkenning en samewerking tussen tradisies nie. Eck (1993:7) sluit hierby aan ter stawing van die onderskeid tussen pluraliteit en pluralisme: "Plurality is just diversity, plain and simple – splendid, colorful, maybe even threatening. Such diversity does not, however, have to affect me … but I have to *participate* in pluralism." Vir Shockley (in Lubbe 1995:163) is dit ook belangrik om pluraliteit te onderskei van pluralisme wat die aspek van verhoudinge betref wanneer hy sê: "Religious pluralism must be distinguished from religious diversity, reality and presence of a variety of types and forms of religious expression. This is minimal religious pluralism. The essence of religious pluralism is not realia, but relationships."

Lubbe (1995:159) argumenteer dat religieuse pluralisme, anders as religieuse pluraliteit, nie noodwendig 'n gegewe in enige samelewing is nie. Pluralisme is nie noodwendig pluraliteit nie, maar is by pluraliteit betrokke (Lubbe 1995:159). Volgens König (1976:47) vra teologiese pluraliteit na die sin van die verskillende teologieë, en na die moontlikheid van meer as een belydenis of belydenisvorm in die kerk.

Vir Lubbe (1995:165) beteken pluralisme nie noodwendig 'n relativistiese omgaan met pluraliteit, of dat alle godsdienste noodwendig ewe waar is nie, maar "pluralism presupposes the encounter of commitments … Pluralism then is not an ideology but a paradigm for working together in a world of religious difference. The language of pluralism is that of dialogue and encounter, give and take, criticism and self-criticism."

Dit is belangrik om daarop te let dat die *Westminister dictionary of Christian theology* (1983:449-450) nie net na pluraliteit en pluralisme binne die raamwerk van verskillende godsdiens tradisies verwys nie, maar hierdie woorde gebruik ook om groeperinge asook 'n bepaalde standpunt oor die groeperinge binne Protestantisme, Judaïsme en Katolisisme aan te toon:

> … the religious pluralism typical of contemporary society in the Western world, with its plurality of denominations comprehended in the three larger communions of Protestantism, Catholicism and Judaism … for most Westeners this plurality of religious groups has long since come to seem desirable, it can further serve to illustrate the other closely related sense of pluralism when it is used to refer not to a state or condition of such plurality but to a doctrine or policy advocating this state or condition.

Die konsep "pluraliteit" soos dit in hierdie artikel gebruik word, dui op 'n diversiteit van waarheidsaansprake. Pluraliteit word bespreek met verwysing na groepvorming en polarisasie soos dit manifesteer binne die geskiedenis van Adventisme. Die konsep "pluralisme" moenie met die konsep "pluraliteit" verwar word nie, want pluralisme verwys

hier eerder na waardes soos dialoog, onderlinge erkenning en verdraagsaamheid.

3 PLURALITEIT AS KENMERK VAN ADVENTISME

Die doel van die volgende paragrawe is om aan te toon dat pluraliteit baie kenmerkend is van die identiteit van Adventisme. Verskillende waarheidsaansprake en groepvorming is 'n algemene verskynsel met verwysing na die geskiedenis van Adventisme.

3.1 Die Adventbeweging vóór 1844

Volgens die *Seventh-day Adventist encyclopedia* (voortaan: SDAE) (1976:892) het die Sewendedag-Adventistekerk uit die Milleriete- of Adventbeweging ontwikkel. Die Milleriete- of Adventbeweging het in 1831 begin met die prediking van William Miller, wat gefokus het op die spoedige Wederkoms van Jesus Christus (Hoekema 1973:9-10). Dit beteken dat, alhoewel die Sewendedag-Adventistekerk eers in 1863 amptelik met die Eerste Wêreldkonferensie georganiseer is, die kerk onlosmaaklik in die Adventbeweging gewortel is (Damsteegt 1977:255-256).

Die Milleriete het uit verskillende kerkgenootskappe gekom (*SDAE* 1976:880,892). Vanweë die fokus op die spoedige Wederkoms was daar geen behoefte in die Adventbeweging aan 'n nuwe kerklike struktuur om met ander kerke mee te ding nie (Arthur 1974:154). Die Milleriete het wel onderling verskil oor die presiese jaar van die Wederkoms, maar het saamgestem en geglo dat die Wederkoms op hande is (*SDAE* 1976:892). Joshua Himes, Josiah Litch, Henry Dana Ward en Henry Jones het in samewerking met William Miller as leiers van die Adventbeweging opgetree. Hulle het gefokus op die waarskuwing en die voorbereiding van mense en kerke met die oog op die spoedige Wederkoms van Jesus Christus (Arthur 1974:155). Damsteegt (1977:14-15) maak dit baie duidelik dat verskeie van hierdie leiers in die Adventbeweging eers predikante in ander kerkgenootskappe was. William Miller se kragtige prediking het 'n

prominente rol gespeel in individuele Christene en geestelike leiers se besluitneming om by die Adventbeweging aan te sluit (Damsteegt 1977:14-15).

Teen die laaste kwartaal van 1840 het die Adventiste slegs 'n dokument gehad wat 'n samevatting was van hulle essensiële oortuigings (Arthur 1974:157). Uit die *SDAE* (1976:395) is dit duidelik waarom hierdie dokument bestaande uit die wesentlike oortuigings nie met die tradisionele geloofsbelydenis verwar moet word nie. Sien ook die kommentaar wat daarop volg: "The Bible and the Bible only should be the Christian's creed and that they have no creed but the Bible. However, over the years they have issued various statements of belief gradually moving toward the 22 Fundamental Beliefs published in the denominational Yearbook since 1931."

Dit is belangrik om daarop te let dat die motivering vir die samestelling van hierdie "statements" of verklarings "a basis for doctrinal purity as essential to order in the church" was (*SDAE* 1976:395). Dit dui daarop dat pluraliteit en die hantering daarvan beslis deel gevorm het van die agtergrond en die motivering vir die formulering van die verklarings.

Met hierdie "opsommings van die geloof" wat van tyd tot tyd uitgegee is, het die beweging en die kerk probeer verseker dat leerstellings nie as onveranderlike dogma beskou sou word nie (Wêreldkonferensie van SDA 1988:iv). 'n Mens sou egter met reg kon vra of hierdie "opsommings van die geloof" nie tog toe al vir baie lidmate, vir alle praktiese doeleindes, "geloofsbelydenisse" geword het nie? Daar sou ook baie vrae gevra kon word oor die haalbaarheid van die Bybel as die enigste geloofsbelydenis. Byvoorbeeld: Hoe word die term "geloofsbelydenis" hier verstaan?

Voor 1842 het die klem geval op die feit dat Christus sou kom en nie presies oor wanneer nie. Na die begin van die jaar 1842 was daar egter heelwat verskille oor presies wanneer Christus sou kom (Arthur 1974:159). Miller en Litch het saamgestem oor 1843, terwyl Ward en Jones heeltemal gekant was teen die datumbepalings. Himes was gekant teen die presiese bepaling van datums en tye. Dit is duidelik dat die vyf mees prominente leiers van die beweging verdeeld was

oor die mees fundamentele oortuiging van die beweging (Arthur 1974:160).

Hierdie uiteeneenlopende standpunte is egter op 'n interessante wyse hanteer. In Desember 1841 het die algemene konferensie wat in Dover, New Hampshire, gehou is, verklaar "that it was necessary only for members to declare their belief in the near advent of Christ, that a belief in a definite time was not necessary" (Arthur 1974:160).

Teen die middel van 1842 het die Milleriete baie sterk standpunt begin inneem oor die volgende sake: die tyd van die wederkoms, die millennium, en die terugkeer van die Jode na Palestina, asook oor die feit dat daar geen ruimte vir enige verskil was oor die spoedige Wederkoms nie (Arthur 1974:161).

Dit is belangrik om te noem dat die algemene konferensie van 1842 nie dieselfde standpunt gehuldig het as die algemene konferensie van 1841 nie. Arthur (1974:160) sê die volgende met betrekking tot die algemene konferensie van 1842: "Therefore resolved, that in the opinion of the Conference, there are most serious and important reasons for believing that God has revealed the time of the end of the world and that that time is 1843." Hierdie algemene konferensie van die Milleriete moet nie verwar word met die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste in 1863 nie (*SDAE* 1976:1327).

Ward en Jones, twee prominente leiers in die Adventbeweging, kon nie die "definite time" vir die Advent aanvaar nie (*SDAE* 1976:893). Arthur (1974:161) meld wat die gevolg vir Ward en Jones was omdat hulle nie die Milleriete se standpunt wou aanvaar nie: "This action on the part of the general conference had the immediate effect of cutting off some who had been numbered among the Millerites. Two of the five most prominent lecturers, Henry Dana Ward and Henry Jones, were seldom heard from again."

Jones het die volgende standpunt gehad oor die kwessie van die spesifieke tyd van die Wederkoms: "The set time of the advent was made a standard of union, as I understood it, so that I was seemingly no longer one of the union" (Arthur 1974:161). Whiting was ook een van die leiers wat gekant was teen die tydbepalings, maar wat tog

nog aktief kon bly in die Adventbeweging (Arthur 1974:161). Sy situasie was egter 'n geïsoleerde geval (Arthur 1974:161).

Arthur (1974:161) verwys na 'n toespraak wat Himes in Augustus 1842 gelewer het ter ondersteuning van die Advent in 1843: "I will say here once for all, that I am confirmed in the doctrine of Christ's personal descent to this earth, to destroy the wicked and glorify the righteous some time in the year 1843."

Uit die voorafgaande gegewens blyk dit duidelik dat daar baie pluraliteit rondom die datumbepaling vir die Wederkoms was. Ongelukkig is die uiteenlopende standpunte nie goed hanteer nie. Diegene wat van die hoofstroom verskil het, is "afgesny" of geïsoleer.

Die feit dat die Milleriete diegene wat van hulle verskil het, as blind, oneerlik en oningelig beskou het, het gelei tot groeiende weerstand teen die Adventbeweging (*SDAE* 1976:893). Damsteegt (1977) sien die Milleriete se eksklusiewe aanspraak op waarheid as gegrond op die "oorblyfselmotief"[1] wat by hulle geheers het. Die Milleriete het die Rooms Katolieke kerk, en later ook die Protestantse kerke, as "Babilon"[2] beskou (Damsteegt 1977:79).

Die Milleriete het in hulle voorbereiding op 1843 al hoe aggressiewer begin word in die verkondiging van die Wederkoms (Knight 1993b:142). Na die teleurstelling oor die feit dat die Wederkoms nie in 1843 plaasgevind het nie, is erken dat foute gemaak is in die berekening van die datum (*SDAE* 1976:893-894). In die nuwe tydvak wat sou volg, is 'n nuwe datum in die Adventbeweging onder leiding van Snow en Storrs vir die Wederkoms van Jesus bepaal (Knight 1993b:188-192). Die spesifieke dag vir die Wederkoms sou volgens die Joodse kalender die tiende dag van die sewende maand wees, wat op 22 Oktober 1844 sou val (Dick 1994:144).

In afwagting op 22 Oktober 1844 was daar verdeeldheid onder die Milleriete oor die kwessie van "seperation"[3] (*SDAE* 1976:893-894). Nie alle Milleriete het die noodsaaklikheid daarvan begryp om alle bande met hulle onderskeie kerke te verbreek nie (Knight 1993b:157,170). In die *SDAE* (1976:897) word genoem dat baie van die Milleriete gemeen het dat Christene uit die ander kerke (wat as

"Babilon" beskou is) by die Adventbeweging moes aansluit ter voorbereiding op die Wederkoms.

Daar was ook verdeeldheid oor die vraag of die Milleriete hulleself formeel moes organiseer of nie. Leiers in die Adventbeweging soos Fitch, Storrs en Marsh het geglo dat enige vorm van organisasie teen die wil van God is, terwyl Miller en Himes presies die teenoorgestelde as God se wil gesien het (Knight 1993b:194). Hierdie verdeeldheid is nie op die spits gedryf nie, aangesien die fokus op die Wederkoms hierdie sake oorheers het (Arthur 1974:171).

3.2 Die ontwikkeling ná die "Groot teleurstelling" van 1844

Na die "Groot teleurstelling" van 1844, dit wil sê nadat die Wederkoms van Christus nie op 22 Oktober van daardie jaar plaasgevind het nie (Damsteegt 1977:99), het diegene wat deel van die Adventbeweging gebly het, datumbepaling verwerp, maar steeds bly glo aan die spoedige wederkoms van Jesus (Schwarz 1979:54).[4]

Knight (1993b:231-233) skryf dat daar afgesien daarvan dat baie Milleriete die beweging na die "Groot Teleurstelling" verlaat het ook ander probleme ontstaan het, byvoorbeeld: "Coupled with the doctrinal crisis was the behavioral crisis, which, in many cases, led to fanaticism" (Knight 1993b:267).

Drie groeperinge het ná 1844 ontwikkel. Dit is belangrik om dit te noem dat die Sewendedag-Adventistekerk uit dié groep leiers ontwikkel het wat die standpunt gehandhaaf het dat die 2300-jaar-periode van Daniël 8:13-14 wel in 1844 geëindig het, maar dat die Wederkoms nie die vervulling van daardie profesie is nie (*SDAE* 1976:897). Dit is verder interessant dat William Miller nie deel van die groepering was waaruit die Sewendedag-Adventistekerk ontwikkel het nie (*SDAE* 1976:897). Martin (1960:29) sluit by voorafgaande gedagte aan wanneer hy sê: "William Miller, it should be noted, was never a Seventh-day Adventist and stated that he had 'no confidence' in the 'new theories' which emerged from the shambles of the Millerite Movement."

Na die "Groot Teleurstelling" het die klem op intensiewe Bybelstudie geval (Schwarz 1979:166). Op grond van die insigte van Hiram Edson is die Adventiste geleer dat 22 Oktober 1844 nie die datum van die Wederkoms was nie, maar dat die datum eintlik dui op Christus se bediening, wat in die hemelse heiligdom sou begin ná 1844, en wat sou eindig voor die Wederkoms (*SDAE* 1976:670).

Die intensiewe Bybelstudie het die Adventiste tot die gevolgtrekking laat kom dat hulle oor die waarheid beskik, en dat hulle as mense van profesie die opdrag van God het om die boodskap van die drie engele van Openbaring 14:6-12 te verkondig (Schwarz 1979:166). Adventiste glo dat die profesieë in die boek Openbaring die sending van die "oorblyfsel"[5] duidelik uitspel (Wêreldkonferensie van SDA 1988:174). Die drie engele se boodskappe van Openbaring 14:6-12 openbaar die verkondiging van die "oorblyfsel" wat die evangeliewaarheid volkome en finaal sal herstel (Wêreldkonferensie van SDA 1988:174).

Terselfdertyd het Adventisteleiers geleer uit hulle ervaring in die Milleriete-beweging, naamlik die gevaar daarvan om jou geloof té presies te wil uitspel. Teen 1848 is slegs oor die pilare van die geloof ooreengekom, met die verstandhouding dat volgehoue studie sou lei tot 'n beter begrip van die basiese waarhede (Schwarz 1979:166). Dit het meegebring dat die formulering van geloofsbelydenisse weer eens verwerp is (Froom 1954:1040). 'n Soortgelyke standpunt is in 1872 ingeneem met die publisering van die pamflet *A synopsis of our faith* (Wêreldkonferensie van SDA 1988:iv). Die 25 fundamentele leerstellings wat hierin genoem is, is ook later in die erkende tydskrifte, naamlik *Review* en *Signs of the Times,* gepubliseer (Schwarz 1979:167).

Die 25 fundamentele leerstellings het gesentreer rondom die Arianisme, sabbat, versoening, heiligdom, merk van die dier, laat reën, finale gebeure voor die wederkoms, profesieë, millennium, doop, gesondheid, finansies en die erkenning van E G White se profetiese gawe (Schwarz 1979:167-180). As gevolg hiervan kan daar gesê word dat, alhoewel die Adventiste nog nooit aan die noodsaaklikheid van geloofsbelydenisse geglo het nie, leerstellings

tog geformuleer is, onder meer om die “suiwerheid” van die kerk se leer te handhaaf (vgl *SDAE* 1976:395).

Verskeie voorbeelde kan genoem word. In die eerste plek het pioniers soos James White en Uriah Smith reeds in 1848 te kenne gegee dat Trinitarisme onskriftuurlik is (Schwarz 1979:167). Ander prominente leiers soos Loughborough, Waggoner en Canright het White en Smith se standpunt onderskryf, en Trinitarisme gesien as 'n leerstelling van heidense oorsprong (Schwarz 1979:167). Dit was eers in die 1890’s dat Sewendedag-Adventisme die leerstelling van Trinitarisme begin aanvaar het (Schwarz 1979:167-168). E G White het hierdie leerstelling van Trinitarisme in die boek *Desire of ages* bevestig, waar gelyke erkenning gegee word aan die Vader, die Seun en die Heilige Gees (Froom 1954:296-298,324).

Tweedens was dit nie net ten opsigte van Trinitarisme dat daar daar progressie was nie, maar ook in die leer oor die versoening. Weer het E G White ’n belangrike rol gespeel: “She was moving beyond her contemporary Adventists in many respects … she saw Christ’s sacrifice as the great truth around which all other truths cluster” (Damsteegt 1977:170-176). Gedurende die 1870’s en die 1880’s het ’n nuwe generasie Sewendedag-Adventiste ontwikkel (Schwarz 1979:183). Spalding (1961:281-288) omskryf hierdie nuwe generasie van Sewendedag-Adventiste breedvoerig. Die volgende aanhaling gee 'n aanduiding van die rigting wat Spalding inslaan: “They courted debate and, imperceptibly to themselves, tended to become just what they were charged with being: legalists looking to their own actions for salvation rather than to Jesus Christ.” Dit sluit aan by die persepsie dat Adventiste in die 1870’s en 1880’s hulle fokus op Christus verloor het (Wallenkampf 1973:10). Ellen White het gepoog om die werkheiligheid teen te werk en te pleit dat Adventiste die toegerekende genade van Christus moes aanvaar (Schwarz 1979:184).

In die derde plek het daar gedurende bogenoemde twee dekades pluraliteit rondom die eksegese van Galasiërs 3 ontwikkel. George Butler, die president van die Wêreldkonferensie en Uriah Smith, redakteur van *The Review*, het aanstoot geneem oor die eksegese van Galasiërs 3 soos aangebied deur pioniers soos Waggoner en

Jones (Wallenkampf 1973:15). Wallenkampf (1973:31), 'n dosent in teologie in die Sewendag-Adventistekerk, meld dat die presiese kwessie onder bespreking die interpretasie van die "schoolmaster to bring us unto Christ" was. Waggoner en Jones het die standpunt gehandhaaf dat daar in Galasiërs 3 verwys word na die morele wet – wat dus die Tien Gebooie insluit (Schwarz 1979:185). Hierdie standpunt is in die 1860's en 1870's feitlik geheel en al deur die Adventiste verwerp, want die meeste Adventiste het die "schoolmaster" verstaan as die seremoniële wet van Moses wat tipologies is van die Messias (Schwarz 1979:185). Butler was veral bekommerd dat Waggoner en Jones se standpunt oor Galasiërs 3:24 'n bedreiging vir die sabbatgebod sou inhou (Schwarz 1979:186).

Vervolgens was Uriah Smith ook besorgd oor Jones se bewering dat Adventiste die Hunne in plaas van die Alemanne gelys het as een van die tien koninkryke wat profeties beskryf word in Daniël 7 (Wallenkampf 1973:15). Butler was verder ongelukkig daaroor dat Waggoner en Jones hulle idees openbaar gemaak het sonder om dit eers vir goedkeuring aan die "leading brethren" voor te lê (Schwarz 1979:186). Butler was van mening dat Waggoner en Jones se standpunte en optrede tot verdeeldheid kon lei, en daarom het hy as Wêreldkonferensie-president besluit om hierdie saak op die agenda van die Wêreldkonferensiesitting te plaas (Schwarz 1979:186).

Na die Wêreldkonferensie van 1886 is Waggoner en Jones inderdaad aangespreek omdat hulle hul standpunte in die openbaar bespreek het, en is hulle daarop gewys dat hulle moes onthou "[to] present a united front before the world" (Schwarz 1979:186). Butler en Smith is egter ook daarop gewys dat húlle standpunte nie onfeilbaar is nie, en dat hulle nie 'n "overly sharp attitude" teenoor die jonger werkers moes hê nie (Schwarz 1979:186).

Hierdie leerstellige verskille is verder bespreek by die Minneapolis-konferensie van 1888 (Wallenkampf 1973:16). Onderliggend aan hierdie leerstellige verskille was die kwessie van regverdigmaking deur die geloof: "It was expected that in these he [Waggoner] would present his understanding of the relationship of Christ and His righteousness to distinctive Adventist doctrines" (Schwarz 1979:187). Die konferensie in Minneapolis is jare later soos volg deur A T Jones

opgesom: Daar was diegene wat die aanbiedinge van Waggoner en Jones oor regverdigmaking deur die geloof aanvaar het, diegene wat dit verwerp het, en diegene wat besluiteloos was oor hierdie fundamentele aangeleentheid (Olson 1966:41-42).

Wallenkampf (1973:7) maak ook 'n belangrike stelling oor pluraliteit as nadraai van die Minneapolis-wêreldkonferensie:

> The debate about how the message of justification by faith in Christ was received at the Minneapolis General Conference session in 1888 is still alive. Some like to believe that the message, clearly proclaimed at the Minneapolis Conference by E J Waggoner and A T Jones and supported by Ellen White, was rejected by the delegates to the conference. Others believe it was accepted by the majority of the delegates and started a great revival that resulted in a real blessing to the remnant church.

Verdeeldheid en onverdraagsaamheid was egter duidelik waarneembaar ná die Wêreldkonferensie van 1888. Uriah Smith (in Schwarz 1979:192) skryf in *The Review* dat Waggoner en Jones Sewendedag-Adventisme in die rigting van antinomianisme ('n ontkenning van die rol van die wet) lei. Daarmee saam het hy (Smith) volgehou dat volmaakte gehoorsaamheid aan die wet volmaakte geregtigheid ontwikkel, en dat die volmaakte gehoorsaamheid slegs bereik kon word met die hulp van Christus. Schwarz (1979:193) skryf dat Ellen White fundamenteel van Smith verskil het, en dat sy bekommerd was oor die wyse waarop Jones en Waggoner hanteer is: "She was distressed at the personal rancor they continued to bear toward Jones and Waggoner, men whom she was positive had been sent of God at this time to herald a vital truth. Ellen was particulary concerned over the continued covert opposition of Uriah Smith."

Ná 1888 was daar diegene wat tog geleidelik die boodskap van regverdigmaking deur die geloof aangeneem het; maar daar was ook diegene wat hulle nooit kon losmaak van die wettisisme wat in die 1870's en 1880's ontstaan het nie (Schwarz 1979:194).

Die Wêreldkonferensie van 1888, en die impak wat die aanvaarding van regverdigmaking deur die geloof in Christus op die Sewendedag-Adventistekerk gehad het, is 'n onderwerp wat tot vandag toe uiteenlopende reaksie ontlok (Wallenkampf 1973:75). Johnsson (1995:103), 'n Adventisteteoloog, wys daarop dat die pluraliteit van menings en insigte wat by die Wêreldkonferensie van 1888 teenwoordig was, nog steeds met ons is:

> The immediate issue that divided the saints in 1888 has passed away. By and large, Adventists accept that Paul includes the moral law in his discussions in Galatians 3. But the issue behind the issue – the balance of the divine and the human – is still very much with us. Two theological streams flow from Minneapolis. One stream gives priority to the divine, the other to the human. Today, one emphasizes grace, the other victory.

Wat die hantering van pluraliteit betref, is dit belangrik om kennis te neem van Johnsson (1995:99-100) se uitspraak oor wat na 1888 met Waggoner en Jones gebeur het: "But Waggoner's and Jones' ideas didn't stay static: they continued to develop, and along lines that eventually became far out. And both messengers, after bitter personal disputes, eventually left the church."

3.3 Verdere fragmentering binne Adventisme

Volgens Schwarz (1979:445) was Adventisme – soos alle godsdiensgroepe – nog altyd kwesbaar vir fragmentering: "Even before the incipient band of Seventh-day Adventists had organized or chosen a name, it was plagued by dissidents." Schwarz sê verder dat strominge in Adventisme die gevolg is van pluraliteit en ontevredenheid oor verskeie sake soos leierskap, die kwessie van "nuwe lig"[6] en persoonlike knelpunte. Pluraliteit oor sake het dikwels gelei tot afstigting, asook interne stryd en spanning.

Die verskillende strominge en onderlinge verdeeldheid bied uit die aard van die saak sekere uitdagings. Die kerkgenootskap ly ook groot verliese as gevolg hiervan. Trouens, die verdeeldheid het ook 'n negatiewe effek op die splintergroepe self. Oor een groepering

word byvoorbeeld gesê: “offshoots of the Shepherd’s Party continued a tenuous existence, at odds with each other as much as with the Seventh-day Adventist Church” (*SDAE* 1976:376).

In die volgende paar paragrawe word bondige beskrywings van enkele addisionele strominge binne Adventisme gegee. Dit word ingesluit om verder aan te toon dat pluraliteit onlosmaaklik deel is van die identiteit van Adventisme.

- HS Case en CP Russell was van die eerste sabbat-onderhoudende Adventiste wat in 1853 begin weerstand bied het teen die advies van EG White (Schwarz 1979:445). Hierdie twee Adventiste het die volgende twee klagtes teen Ellen en James White gemaak: “(1) that they were getting rich off the church paper, and (2) that Ellen White was being placed above the Bible” (Douglass 1998:230). Ook BF Snook en WH Brinkerhoff se kritiek teen die Whites, en hulle leerstellige verskille met die kerk oor die toepaslikheid van die drie-engeleboodskap en die sabbat, het daartoe gelei dat hulle probeer het om die Sewendedag-Adventiste van Iowa van die algemene liggaam van die kerk los te maak (*SDAE* 1976:853). Deur die hele geskiedenis van Adventisme heen het daar pluraliteit geheers oor E G White en haar profetiese gawe (Douglass 1998:232-234). Knight (1993b:29) bevestig die voorafgaande standpunt van Douglass wanneer hy sê: “However, one of the unfortunate aspects of Adventist history is that church members have too often abused Ellen White’s gift by giving it more prominence than the Bible.”

Schwarz (1979:446) wys op Ellen White se interessante reaksie teenoor diegene wat van haar verskil het: “While frankly admitting that there are existing evils in the church, and will be until the end of the world, Mrs White was convinced that Seventh-day Adventists were still designed to be the light of the world.”

Sewendedag-Adventiste huldig nog steeds die oortuiging dat die Sewendedag-Adventistekerk die “oorblyfselkerk”[7] is (Goldstein 1994:12). Die uitdaging wat pluraliteit vir die “oorblyfselteologie”[8] inhou, word goed deur Whidden (1993:6) omskryf: “So while we have things to conserve, we also have things to let go of and new things to pick up on. If we get too tight and too specific, we may frustrate the

work of the Holy Spirit in bringing fresh insights from the Word of God."

● In 1899-1900 was daar onenigheid oor die "Holy Flesh"-beweging[9] wat baie klem gelê het op die reiniging van sonde en sondige neigings (Schwarz 1979:446-447). Dit was bekend as die "garden experience", waardeur 'n persoon bevry moes word van die mag van die dood en gered moes word vir "translation" (Schwarz 1979:447). Douglass (1998:198-199) verduidelik die voorafgaande begrippe as volg:

> In order to be translated, church members must go through the "garden experience", receive the "holy flesh" that Jesus had, and thus be prepared for translation. After this experience, the church members could no longer be tempted "from within" and would not see death; they would be translated! How would this happen? They believed that the Holy Spirit, when He comes in His fullness, will cleanse church members (in "the garden experience") from all sin. [10]

Diegene wat nie die ervaring gehad het nie, kon nog steeds gered word as aangenome seuns van God maar "they would have to go to heaven on the underground railroad – that is, they must die first (Schwarz 1979:447-448). Op aanbeveling van kerkleiers het die hele uitvoerende komitee van Indiana bedank, en die komiteelede is vervang deur mense wat nie betrokke was by hierdie fanatiese beweging nie (Schwarz 1979:448).

● Aan die begin van die twintigste eeu het die Ballenger-stroming ontwikkel (*SDAE* 1976:121). Hierdie groep het geglo dat Jesus nie sedert 1844 in die Allerheiligste van die hemelse heiligdom met sy bediening begin het nie, maar reeds sedert sy hemelvaart (Schwarz 1979:448-449). Vir die Ballenger-stroming het 1844 gevolglik geen besondere betekenis gehad soos vir tradisionele Adventiste nie (Schwarz 1979:449). Die Ballenger-stroming het die werk van die Heilige Gees op 'n baie unieke manier geïnterpreteer: "This focus on the work of the Spirit would lead them to believe that each person 'filled with the Spirit' would also receive the gift of the

Spirit of prophecy. Further, such church members would not need strong denominational organization because they would be Spirit-led" (Douglass 1998:204). Die "Gees van profesie" dui vir Sewendedag-Adventiste op die profetiese gawe van E G White (*SDAE* 1976:1412-1413).

- Daar was ook die stroming in Sewendedag-Adventisme wat panteïsme beklemtoon het (Douglass 1998:200). Volgens panteïsme word God in alle dinge openbaar, omdat God in alles is (Douglass 1998:200).

- Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het daar 'n beweging onder leiding van Margaret Rowen ontstaan wat weggebreek het van die hoofliggaam van die kerk met die missie om die kerkgenootskap te "hervorm" deur gebedsgroepe in kerke. Hulle was egter vaag oor presies wat "hervorm" moes word (Schwarz 1979:450). 'n Jaar na die dood van Ellen White het Margaret Rowen aangekondig dat God haar geroep het om die werk van Ellen White voort te sit (Schwarz 1979:450-452).

- In 1915 het die "Duitse Hervormingsbeweging" begin. Hulle lede het visioene ontvang oor die spoedige einde van die tyd van genade, asook die spoedige wederkoms van Jesus (Schwarz 1979:452-454).

- Volgens Schwarz (1979:458) was daar niks so problematies in die geskiedenis van die Sewendedag-Adventistekerk as die Robert Brinsmead-beweging van die laat 1950's nie. Brinsmead se invloed word as volg beskryf: "Brinsmead became the natural leader for those within the church who felt in any respect disenchanted with leadership. Some of his followers did not fully understand all of his theological views, which were straying farther from traditional Adventism" (Schwarz 1979:458). Dit was veral Brinsmead se nuwe interpretasie van die reiniging van die heiligdom wat die wesenlike onderskeid tussen hom en tradisionele Adventisme laat ontstaan het (General Conference of Seventh-day Adventists 1969:25). Die volgende aanhaling verwoord Brinsmead se standpunt:

> The holy place he likened to the conscious mind, to be purged of known sin through sanctification. The most holy place was equated with the subconscious mind, to be cleansed of original sin, and all memory of sin, at the time an individual's case was decided favorably in the investigative judgement. It was upon individuals so perfected that the latter rain would fall. They would then go out to give the loud cry and bring the three angels' messages to many for whom probation had not yet closed (Schwarz 1979:458).

Tradisioneel glo Adventiste dat die Allerheiligste 'n fisiese plek in die hemel is, en dat Jesus Christus sedert 22 Oktober 1844 die werk doen wat versinnebeeld is deur die bediening van die hoëpriester op die groot versoendag in die allerheiligste gedeelte van die aardse heiligdom (Wêreldkonferensie van SDA 1988:334-335).

Brinsmead se kritiese gesindheid, asook sy teologiese verskille met die Sewendedag-Adventistekerk, het daartoe gelei dat hy in 1961 sy lidmaatskap by sy plaaslike gemeente verloor het (Schwarz 1979:460). Teen die einde van 1971 het Brinsmead weer sy denke oor die sondige natuur van Christus verander en ook afstand gedoen van sy volmaaktheidsleer as deel van die ondersoekende oordeel (Schwarz 1979:460). In die 1970's het Brinsmead se verhouding met die kerk verbeter: "Although substantially reconciled to the Seventh-day Adventist Church in doctrine, Robert Brinsmead continued to hold a personal following on its fringe" (Schwarz 1979:460).

Vir Brinsmead (1980:313) het tradisionele Adventisme tot 'n einde gekom. Hy sê:

> Adventism has come to the end of an era. People everywhere sense it. In view of the confrontation with the gospel, in view of the facts uncovered in the Ellen White research, and in view of a new consciousness of the priesthood of all believers, it is useless to pretend that nothing has changed. It has – and Adventism will never be the same again.

- Tans is daar ook baie verdeeldheid en groepvorming rondom verskeie sake in die Sewendedag-Adventistekerk. Samuel Koranteng-Pipim (2001), 'n Adventisteteoloog, bespreek in sy boek, *Must we be silent? Issues dividing our church*, die volgende brandpunte: homoseksualiteit, die ordening van vroue, rassisme en kerkstruktuur, liberalisme en die Bybel, pluralisme, aanbiddingstyl, asook besluite van die Wêreldkonferensie. Pat Gustin, die direkteur van die Instituut vir Wêreldsending aan die Andrews Universiteit, skryf in 'n artikel van die Julie/Augustus 2005-uitgawe van *Ministry* dat die kerk met verskeie uitdagings te kampe het. Daar is massiewe verskille in die kerk ten opsigte van kultuur, taal, etnisiteit, godsdiens, ideologie en ras-eenheid (Gustin 2005:46). Gustin (2005:46) is egter van mening dat eenheid die grootste uitdaging vir die Sewendedag-Adventistekerk is. Dit wat Gustin sê, bevestig die realiteit van pluraliteit en die feit dat Sewendedag-Adventiste indringend moet kyk na die hantering van hierdie saak in hulle eie midde.

4 SAMEVATTING

Vanuit 'n Adventiste-oogpunt is dit tragies dat baie mense wat deel van die Sewendedag-Adventistekerk was en selfs positiewe bydraes tot die opbou van die kerk gelewer het, opponente van die kerk geword het. Schwarz (1979:462) wys daarop dat hierdie probleem al vroeër deur Ellen White raakgesien is: "We shall witness the apostasy of men in whom we have had confidence, in whom we (have) trusted, who, we supposed, were as true as steel to principle." Schwarz (1979:462) sê ook: "Some of those who parted company with Seventh-day Adventists became bitter opponents of their former brethren; others faded into obscurity."

Die geskiedenis toon onteenseglik aan dat pluraliteit en eenheid binne die Sewendedag-Adventistekerk twee kante van dieselfde muntstuk is. Hierdie groepvorming konfronteer die kerk nie net met die werklikheid van pluraliteit nie, maar die belangrike punt is dat dit ook die konstruktiewe hantering daarvan noodsaak. Voorts moet ons daarop let dat uiteenlopende standpunte wat elkeen op sy eie op die waarheid aanspraak maak, nie net lei tot polarisasie nie, maar ook nie 'n teologie reflekteer wat goed ontwikkeld en op konsekwente beginsels gebaseer is nie (Nderitu 2000:1). Dit reflekteer wel 'n

teologie wat 'n oorlewingstryd voer ter wille van eie belang (Hachalinga 1997:5).

In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat Sewendedag-Adventiste openlik erkenning sal moet gee aan die feit dat daar talle onderlinge verskille tussen hulle bestaan. Verder sal hulle die behoefte aan verandering moet identifiseer – dit selfs moet bevorder – en ook ruimte moet gee vir verandering waar dit nodig mag wees. Hierdie prosesse sal doelgerig en bewustelik bestuur moet word. Dit is immers onlosmaaklik deel van die evangelie dat mense mekaar moet probeer vind en moet saamwerk juis ter wille van die evangelie. Dit blyk verder 'n aangeleentheid te wees waaraan dringend aandag gegee sal moet word indien verdere versplintering en die ontwikkeling van nuwe, teenoorstaande geloofstandpunte voorkom wil word.

Ten slotte moet dus met Hendriks (1981:323-324) saamgestem word wanneer hy sê dat pluraliteit sinvol hanteer moet word, anders sal konflik toeneem:

> Konflikten zijn er altijd geweest, maar het lijkt er sterk op dat het aantal de laaste decennia snel en sterk is gegroeid. Dit hang nauw samen met het ontstaan van een grote verscheidenheid in belangen, denken en doen en dat staat weer in verband met maatschappelijke processen als voortgaande socialle differentiatie en nog steeds groeiende kommunikasie en mobiliteit. De toeneming van het aantal konflikten is ekstra problematisch door de afbrokkeling van allerlei mechanismen voor het oplossen en regelen van konflikten.

Die vraag is dus of die Sewendedag-Adventistekerk in 'n goeie posisie is om die uitdagings van pluraliteit sinvol te kan hanteer. Daar sal met nuwe oë na die Suid-Afrikaanse konteks gekyk moet word om hierop te kan antwoord.

BRONNE GERAADPLEEG

Arthur, D T 1974. Millerism, in Gaustad, E S (ed), *The rise of Adventism: Religion and society in mid-nineteenth century America*, 154-72. New York: Harper & Row.

Brinsmead, R D 1980. *Judged by the Gospel: A review of Adventism*. Fallbrook, Ca: Verdict.

Concise Oxford Dictionary. 1982. Sv "plurality"; "pluralism". Oxford: Clarendon Press.

Conradie, E M 1992. The powers and limits of pluralism in theology. *Scriptura* 40(2), 40-64.

Damsteegt, G P 1977. Foundations of the Seventh-day Adventist message and mission. Grand Rapids, Mi: Eerdmans.

Dick, E N 1994. *William Miller and the Advent crisis*. Berrien Springs: University Press.

Douglass, H E 1998. *Messenger of the Lord: The prophetic ministry of Ellen G White*. Nampa, Id: Pacific.

Eck, D L 1993. The challenge of pluralism: The Pluralism Project, Harvard University. *Nieman Reports "God in the Newsroom"* XLVII(2). Available: http://www.pluralism.org/research/articles/cop.php?from=articlesindex. *[Accessed on 2005-08-12].*

Folkenberg, R S 1994. *We still believe.* Mountain, Ca: Pacific.

Froom, L E 1954. *Movement of destiny*. Washington, DC: Review & Herald Publishing Association.

General Conference of Seventh-day Adventists. Biblical Research Committee. 1969. *The Brinsmead agitation*. Washington, DC: Review & Herald Publishing Association.

Goldstein, C 1994. The remnant: Biblical reality or wishful thinking. Mountain, Ca: Pacific.

Gustin, P 2005. Mission and unity: the challenge for the church today. *Ministry* (July/August), 46-48, 82.

Hachalinga, P 1997. Seventh-day Adventism and the remnant idea: a critical and analytical study of the Seventh-day Adventist ecclesiological self-understanding. MTh thesis. Pretoria: University of South Africa.

Hendriks, J 1981. Omgaan met pluraliteit, in *Geloofsmanieren: Studies over pluraliteit in de kerk*, onder eindredactie van JM Vlijm: 318-341.

Hoekema, A A 1973. *Seventh-day Adventism.* Grand Rapids, Mi: Eerdmans.

Johnsson, W G 1995. The fragmenting of Adventism: ten issues threatening the church today. Boise, Id: Pacific.

Knight, G R 1993a. Anticipating the Advent: a brief history of Seventh-day Adventists. Boise, Id: Pacific.

Knight, G R 1993b. Millennial fever and the end of the world. Boise, Id: Pacific.

Knight, G R 1999. *A brief history of Seventh-day Adventists*. Hagerstown, Md: Review & Herald Publishing Association.

König, A 1976. Teologiese en konfessionele pluraliteit en pluriformiteit. Referaat gelewer voor die kongres van die Dogmatologiese Werkgemeenskap, Stellenbosch, Julie.

Koranteng-Pipim, S 2001. *Must we be silent? Issues dividing our church.* Ann Arbor, Mi: Berean Books.

Lee, J M 1988. The blessings of religious pluralism, in Thompson, N H (ed), *Religious pluralism and religious education*, 57-124. Birmingham: Religious Education Press.

Lubbe, G 1995. The role of religion in the process of nation-building: from plurality to pluralism. *Religion and Theology* 2(2), 159-170.

Martin, W R 1960. *The truth about Seventh-day Adventism*. Grand Rapids, Mi: Zondervan.

Nderitu, A M 2000. Seventh-day Adventist and decision-making with regard to social and political matters. MTh thesis. Pretoria: University of South Africa.

Newman, D J 1994. How much diversity can we stand? *Ministry* (April) 5, 26.

Olson, A V 1966. *Thirteen crisis years 1888 – 1901*. Washington, DC: Review & Herald Publishing Association.

Provonsha, J W 1993. *A remnant in crisis*. Hagerstown, Md: Review & Herald Publishing Association.

Richardson, A & Bowden, J 1983. *The Westminister Dictionary of Christian Theology.* Philadelphia: Westminister Press/SCM Press.

Schwarz, R W (ed) 1979. Light bearers to the remnant. Mountain View, Ca: Pacific.

Seventh-day Adventist Encyclopedia. 1976. Washington, DC: Review & Herald Publishing Association.

Spalding, A W 1961. *Origin and history of Seventh-day Adventists.* Washington, DC: Review & Herald Publishing Association.

Van Wyk, A G 1989. 'n Evaluering van die grondslae van die diakonologiese benadering vanuit 'n prakties-teologiese perspektief. DTh-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van Wyk, A G 1995. Dealing with pluralism. *Ministry* (March), 6-9.

Wallenkampf, A V 1973. What every Adventist should know about 1888: An overview of events and issues that made the Minneapolis General Conference session so important in church history. Washington, DC: Review & Herald Publishing Association.

Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste. 1988. *Sewendedag-Adventiste glo: 27 Fundamentele Leerstellings.* Silver Springs: Suider-Uitgewery. (Gedruk en uitgegee namens Predikantevereniging Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste).

The Westminster Dictionary of Christian Theology 1983. Philadelphia: Westminster Press.

Whidden, W 1993. Essential Adventism or historic Adventism? *Ministry* (October), 5-9.

ENDNOTES

1 Hiermee word bedoel dat hulle hulleself gesien het as die groep wat geroep is om God se laaste boodskap aan die wêreld te verkondig (*SDAE* 1976:1200-1201). Hierdie laaste boodskap behels die "drie-engele-boodskap" van Openbaring 14 (Hachalinga 1997:91). Vir verdere verduideliking sien ook nota 5.

2 "Dwarsdeur die Bybel illustreer die stryd tussen die Godstad, Jerusalem, en die Satan se stad, Babilon (of Babel in die Ou Testament), die botsing tussen goed en kwaad" (Wêreldkonferensie van SDA 1988:176).

3 "In the face of growing hostility in the churches, some Millerites questioned whether they should enter or remain in such churches, and others found themselves shut out" (*SDAE* 1976:893).

4 Schwarz is die redakteur van *Light Bearers to the Remnant* wat deur die Departement van Opvoeding van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste opgestel is. Die geskiedenis van Adventisme word bespreek met omvangryke verwysing na verskeie bronne. Dit het daartoe gelei het dat hierdie boek as standaard teksboek dien in Sewendedag-Adventiste kolleges. Dit is teen hierdie agtergrond dat daar dikwels in hierdie artikel na hierdie spesifieke bron verwys word.

5 Die "oorblyfsel" verwys na 'n klein groepie mense wat ten spyte van die afvalligheid van die tyd nog altyd getrou bly aan God. Dit word gebaseer op die tekste in Openbaring 12:14-17, waarin geleer word dat die "oorblyfsel" op die wêreldtoneel verskyn na die 1 260 jaar van groot vervolging (Wêreldkonferensie van SDA 1988:172-173).

6 "Nuwe lig" hou verband met die oortuiging wat Adventiste nog altyd gehuldig het, naamlik dat waarheid dinamies van aard is (Knight 1993a:14). Knight verwys in die verband na White, wat aangevoer het dat dit wat vir een generasie waarheid is, nie noodwendig vir ander generasies waarheid is nie.

7 "Oorblyfselkerk" dui vir Sewendedag-Adventiste op die oortuiging dat die Sewendedag-Adventistekerk nie net een van baie kerke is nie. Hulle beskou spesifiek die Sewendedag-Adventistekerk en sy boodskap as dié vervulling van Bybelse profesie (Folkenberg 1994:110).

8 "Oorblyfselteologie" dui vir Sewendedag-Adventiste op hulle unieke identiteit en sending (*SDAE* 1976:1200).

9 Hierdie beweging het mense geleer dat Christus "attained 'holy flesh' in Gethsemane like that of Adam before the fall" *(SDAE* 1976:589).

10 Die "garden experience" en die "translation" verwys dus na die oortuiging dat "believers, when revived by the Holy Spirit, would never sin and would never die" (*SDAE* 1976:589).